Radio operateur

"Wyse mense skep meer geleenthede as wat hulle vind."
- Francis Bacon

Doelwit: *Om die Verkenner bekend te stel aan die werk van 'n radio-operateur.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Die spesialisasie is daarop gerig om die jeuglid aan te moedig om as radio operateur te kwalifiseer. Die spesialisasie sal die Verkenner help om as 'n beter landsburger toe te rus met die gebruik van tweerigting radio's. Die Verkenner word ook aangemoedig om sy taal in ere te hou deur suiwer Afrikaans te gebruik in samewerking met die taal wat eie aan radio's is.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	5 dae aaneenlopend	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Die Verkenner moes die spesialisasie Radiospraak reeds verwerf het.		
Aanbieding:	Die spesialisasie moet tydens 'n kamp van minstens 5 dae aaneenlopend voltooi word.		
Toekennings instansie:	Kommando, gebiedskamp		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Vertroud wees met die radioregulasies en radiowet.*
2. *Vertroud wees met die verband tussen frekwensie en golflengte (elementêre radiobeginsels).*
3. *Weet hoe om 'n HF antenne vir 'n spesifieke frekwensie te maak en oprig.*
4. *Die staandegolf-verhouding van die antenne in 3 hierbo meet en instem.*
5. *Spraakprosedure soos van toepassing op amateurradio ken en kan gebruik.*
6. *In groepsverband ten minste tien kontakte maak met radio amateurs op HF en BHF.*
7. *'n Logboek byhou vir bogenoemde kontakte.*
8. *In groepsverband deelneem aan ten minste **vyf** oefeninge waar 'n aantal handradio's op dieselfde frekwensie gebruik word om inligting te bekom of oor te dra.*
9. *Oor 'n basiese kennis beskik van die elektroniese werking van die komponente en die stroombaan van 'n eenvoudige ossilator vir die stuur van Morsekode.*
10. *Ten minste twee van die volgende prakties doen:*
    - *10.1 'n HF antenne bou en instem vir 20-, 40-, en/of 80 meter.*
    - *10.2 'n Seinapparaat soos bv. 'n Ossilator, van minstens 5 komponente op 'n gedrukte stroombaan bord bou.*
    - *10.3 Morsekode teen 3 woorde per minuut kan ontvang en sein.*